VAKATURE:

ORRELIS

NG GEMEENTE VELDDRIF

Aansoeke word deur die NG Gemeente Velddrif ingewag vir die pos van orrelis. Die orrelis is, in hooftrekke, verantwoordelik vir die sang en musiek binne gemeente verband asook die kreatiewe uitbou van musiek en sang in die gemeente. Die volledige Pos- en Taak beskrywings sal tydens hul onderhoud met persone wat op die kortlys kom, bespreek word.

Vaardighede en ondervinding

Die kandidaat moet minstens die volgende vaardighede en ondervinding hê:

- Gemeentebegeleiding met pyporrel en klavier;
- Begeleiding van sang en musiek, nie net by eredienste nie, maar ook by spesiale geleenthede;
- Die afrigting van gemeente kore of sanggroepe;
- Seleksie van musiek en sang om te pas by die geleentheid;
- Skakeling met kerkleiers, ander gemeentes asook met die publiek;
- Moet goed met groepe kan saamwerk as deel van die span.

Vergoeding

Vergoeding sal met die suksesvolle kandidaat beding word.

Verlof, 13de tjek en ander reëlings volgens die gemeente se personeelbeleid.

LW daar is geen behuisingsvoordele aan hierdie pos verbonde nie.

Prosedure

Kandidate moet ‘n skriftelike aansoek, vergesel van ‘n CV, inhandig by die kerkkantoor te Smitlaan, Velddrif;

OF

Stuur aansoek en CV per e-pos aan ngkvelddrif@telkomsa.net

- **Sluitingsdatum: 12:00 op 18 JUNIE 2021**

Die kerkraad behou die reg voor om enige persoon of geen persoon daarna in die pos aan te stel.

Navrae:

Die Skriba 022 783-0005 of per epos na ngkvelddrif@telkomsa.net